Louis Botha Kinderhuis

Die Louis Botha Kinderhuis is n nie-winsgewende organisie (NWO). Die Kinderhuis ontvang n staat subsidie van om en by 40% per jaar. Die kinders word in ons sorg geplaas deur die Kinderhof as gevolg van verwaarlosing, verlating, fisiese of emosionele mishandeling. Ons hoofdoel in die versoring van hierdie kinders is om in hul basiese behoeftes soos liefde, sekuriteit, stabiliteit, gesondheidsorg, voedsel, klere en onderwys te vervul. Die Louis Botha Kinderhuis versorg 97 kinders vanaf die ouderdom van 6 jaar tot 18 jaar.
NG Pierneef ondersteun Huis nr 9. Dit is 'n Meisieshuis waar die ouderdomme strek van 9-18 jaar.

Ons doel:

Ons beplan om elke meisie se verjaarsdag spesiaal te maak deur vir elkeen 'n geskenkbewys te gee wanneer hul verjaar. Ons gaan kuier ook gereeld by hulle om saam hulle te speel en eet. *Ons hoop om hulle finansieel, materieel en emosioneel te ondersteun.*
Indien jy graag wil bydra tot hierdie bederf, sal kontant waardeer word sodat die bewyse aangekoop kan word. Indien jy saam gaan wil kuier, hou die Boodskapper dop vir die datums en laat weet asb vir Sandra!

Vir meer inligting kontak gerus vir **Sandra** (074 572 4088) of **ds Grobler** (076 841 1568).